

Dinsdag 9 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13

Fokusgedeelte: Handeling 2:11; HK Sondag 21, Vraag 54

Die algemeenheid van die kerk

Die woord *algemeen* as eienskap van die kerk wil dieselfde sê as die woord *katoliek* wat oorspronklik gebruik is. Dit dui op die ware kerk van die Here van alle tye, ongeag skeidings tussen mense deur ras, stand, taal of woonplek. As iemand waarlik in Christus glo en die Drie-enige God van harte dien, behoort hy/sy tot die algemene kerk.

Die vervanging van die woord *katoliek* met *algemeen* was nie 'n goeie keuse nie. Die woord *katoliek* sien nie net op die kerk wêreldwyd nie, maar ook daarop dat in die kerk aan die een evangelie van Christus vasgehou word en dat almal hulle volle saligheid van Christus verwag. Die woord *algemeen*, veral ná die Reformasie, dui eintlik net op die universele kerk van alle tye in geografiese sin, hoewel die vashou aan die een evangelie en die verlossing deur Christus wel veronderstel word. Die woord *algemeen* is waarskynlik gekies om 'n duidelike onderskeid met die Rooms-Katolieke kerk aan te dui. Dit is jammer dat die woord *katoliek* met sy omvattender betekenis nie behou is nie. Dit moet duidelik gestel word dat die Rooms-Katolieke Kerk in werk-likheid geen reg het op die woord *katoliek* in hulle naam nie, omdat dié kerk nie alle gelowiges insluit nie.

Uit die Skrif is dit duidelik dat die Christelike kerk algemeen is, omdat dit 'n wêreldwye omvang, roeping en bestemming het. In die bekende Johannes 3:16 word gesê: “God het die *wêreld* so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het ...” Dit toon duidelik dat God se liefde deur die sending van sy Seun die hele wêreld tot voorwerp gehad het. Die boodskap van die kerk is ook bestem vir almal in die wêreld, want Christus het aan sy dissipels as verteenwoordigers van sy kerk gesê: “Gaan dan na *al die nasies* toe en maak die mense my dissipels ...” (Matt. 28:19).

Op Pinksterdag word die wêreldwye gerigtheid van die kerk duidelik geopenbaar as die evangelie aan mense uit verskeie lande en volke verkondig word. Petrus toon ook in sy preek aan dat dit wat gebeur het, 'n vervulling is van die profesie van Joël deur wie God gesê het: “Ek sal my Gees uitstort op *alle mense* ...” (Hand. 2:17).

Paulus het op baie plekke waar hy gekom het 'n heftige stryd gevoer teen die Joodse eksklusiwiteit, wat beteken het dat slegs Jode en hulle aanhangers lidmate van die kerk van Christus kan wees (Gal. 3:2-5). Paulus stel dit baie duidelik: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is hulle almal één” (Gal. 3:28; vgl ook 1 Kor. 12:13; Ef. 2:14-16; Kol. 3:11).